



Die K.G. Het Gesê

Dr. Hans van Rensburg het op Stellenbosch gesê: „In die aangesig van die kolossale magsverskuiwing van die Weste na die Ooste spreek dit vanself dat alles wat die blankes verdeel, as doodsgevaarlik beskou moet word, en alles wat saamsnoer nagejaag moet word.”

PARTYE IN ITALIE WAS AAN TOT 356

Die parlementêre demokrasie vereis dat 'n volk in minstens twee politieke groepe of partye verdeel moet staan, die een om te regeer en die ander om te opponeer.

By hierdie „ideale” verdeeldheid bly dit egter nie. Die partye was voortdurend aan in die mededinging om die groen kussings. Mussolini het by

voorbeeld die partystelsel afgeskaf toe sewentien partye Italië lam gelê het. Die Geallieerdes het die partystelsel na die oorlog weer ingestel, en verlede Sondag het 356 partye aan die verkiesing deelgeneem — vir byna elke dag van die jaar 'n nuwe party om te regeer en elke dag 355 om hom te opponeer.

Wat word van staatsbestuur in so 'n warboel, wanneer die opposisieparty die regeringsparty teoreties met 355 teen 1 oortref?

Waar beland 'n volk waar 355 partye die maatreëls van een regerende party moet beveg en belemmer?

Die antwoord is eenvoudig: in die skoot van Moskou.

SUID-AFRIKA

In ons eie land was daar by unifikasie twee partye, die Suid-Afrikaanse Party en die Unionistiese Party — die minimum om te voldoen aan die parlementêre konstitusie. In die komende verkiesing is daar tot sover reeds agt partye in die veld, t.w. die V.P., die H.N.P., die A.P., die S.A.P. (Stallard), die Sentrale Groep (Cadman), die Kommunistiese Party, die Verenigde Arbeidersparty en die Arbeidersparty, terwyl verskeie kleinere partyformasies voorlopig nog buite die verkiesing bly.

Ook in Suid-Afrika is die partystelsel dus vinnig op pad om die volk tot onmag te verbrokkel.

Petrol Gaan Skaars Word

Offisiere en Brandwagte! Die tyd van petrolrantsoenering staan voor die deur! U organisasie, wat tans besig is om weer op te staan uit die oorlogse bouvalle, kan in tye van ontwrigting net deur een band saamgesnoer word: Die O.B.-blad.

Sorg vroegtydig dat hierdie verbinding oop bly. Sorg dat elke O.B.-lid inteken op die mondstuk van u Beweging. Doen dit nou, en u bespaar uself baie moeite en kwellinge vir die toekoms!

„Die O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Bepark, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Bepark, Grootte Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

O.B. SAL VIR VYANDSKAP TEEN HOM NIE STEM

Die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, het verlede Saterdag op Klerksdorp geantwoord op die vraag wat die O.B. se houding is ten opsigte van die aanstaande verkiesing. „Een ding is vanselfsprekend: die Ossewabrandwag is sterk teen die regering gekant o.a. omdat die regering vyandiggesind is teenoor die Ossewabrandwag. Maar as ander dink en by name die H.N.P.-leiding dat hulle net so vyandig kan wees teenoor die Ossewabrandwag, en nog reken op die Ossewabrandwag-stem, is hulle heeltemal verkeerd,” het die K.G., dr. Hans van Rensburg, in die Boeresaal voor sowat 500 aanwesiges verklaar.

„Ses jaar van vervolging het ons 'n les geleer vir altyd — ook vir eleksietyd. As regerings-teenstanders is ons wel bereid om die Opposisie te steun, maar alleen as hulle hul vyandskap teen die O.B. staak.”

H.N.P.-kandidate wat die steun van O.B.-lede wil hê, sal hulle in die openbaar moet disassosieer van die vyandige beleid van die party-leiding.

„Die een vleuel van die opposisie, die Afrikanerparty, behandel ons ordentlik en vriendelik, en niemand sal ontken dat die Ossewabrandwag die hande van die Afrikanerparty geweldig sterk nie. Ons doen dit graag en met dankbaarheid,” het die K.G. gesê.

„Maar die ander vleuel van die Opposisie, die H.N.P., het ons tot nou toe bitterlik vervolgt en hulle is geen jota minder vyandig as die regering nie. As bewys hiervan kan ek maar net verwys na hul jongste kongresbesluite en die optrede van die leier van die party te Brakpan en Roodepoort.”

Mnr. Vorster staan nou as 'n onafhanklike, maar Die Transvaler se geniepsige vertroebeling van die posisie het die kans van die regeringskandidaat baie verbeter.

EEN VAN TWEE

Met verwysing na die verkiesing het die K.G. verklaar dat

daar eerlik met die volk gehandel moet word. „Daar is twee alternatiewe: Of die verkiesing is vir die Afrikanervolk hoogs kritiek, in watter geval alle Afrikanerkrigte in die stryd aanvaar en verwelkom moet word, of die verkiesing is die gewone vyfjaarlikse partyskermseling waarin die O.B. nie belangstel nie”.

Die O.B. is bereid om sy plig dwarsdeur die Unie te doen. Aangesien ons nie welkom is om dit ten aansien van die H.N.P. te doen nie gaan ons dit ten aansien van die Afrikanerparty doen wat die deur nie vir mede-Afrikaners toeluit nie. „Maar nou, die Brakpan-voorval het ons geleer dat die H.N.P.-leiers ons tot binne in die A.P. belas met die status van 'n Kaapse kleurling, wat mag stem, maar nie mag staan as kandidaat nie omdat hy 'n kleurling is, of in hierdie geval, omdat hy 'n O.B. is.

„Ek wil aan die H.N.P.-leiding sê dat as hulle die verkiesing wat hulle die laaste kans van blanke Suid-Afrika noem, in hierdie gees van Afrikaner-tervolg wil aantree, hulle dit by voorbaat verongeluk, en by niemand simpatie hoef te soek nie”.



Die K.G. dr. J. F. J. v. Rensburg

UITSONDERINGS

Spr. is daarvan bewus dat daar lede van die H.N.P. is, en ook onder hulle kandidate, wat bereid is om die hand van 'n mede-Afrikaner in die O.B. te neem. „Ek vertrou dat dit so is en ek kan hulle verseker dat die O.B. bereid is om die hand van 'n mede-Afrikaner binne of buite die H.N.P. te neem.”

O.B.-lede moet voortaan elke H.N.P.-kandidaat en spreker by elke openbare vergadering vra of hy saamgaan met die partybeleid wat teen die manne en vroue in die O.B. diskrimineer. „As die kandidaat openlik en ruterlik van die verhoog af homself van hierdie kwetende beleid disassosieer, hoef niemand te vra wat die O.B. in daardie kiesafdeling sal doen nie. Hulle sal die opposisie-kandidaat steun.

„Maar as die kandidaat kleitrap of dit by die gewone agterdeurversekering van goedgesindheid wil laat, sal selfrespek elke O.B.-lid leer wat om te doen.”

Die O.B. is moeg van vertroulike mededelingen van die kant van kandidate en lede van die H.N.P. dat hulle die hand van

VATBAAR VIR MISVERSTAND

Die Transvaler van 12 April — wat 'n ontkenning bevat dat die H.N.P. 'n onafhanklike kandidaat in Brakpan sal ondersteun — het 'n sub-hoofartikel met die opskrif „Veto-Domein”, maar die artikel gaan oor die veto van die „Grotos”.

Lees U Eségiel 34?

(Adv.)

Dr. Malan Het Geveto Sê Havenga-Blad

Die Vaderland, mnr. N. C. Havenga se blad, bevestig die feit dat dr. D. F. Malan die kandidatuur van adv. John Vorster in Brakpan geveto het. In 'n voorblad-berig in sy uitgawe van 13 April, verklaar die blad dat navrae nog steeds gedoen word omtrent die gebeure in Brakpan, en dan begin hy sy oorsig met die volgende stelling:

„Op die oomblik is die toestand: Nadat dr. D. F. Malan aanvanklik nie die kandidaat, wat vir Brakpan namens die Afrikanerparty aangewys is, wou goedkeur nie, was daar telegrafiese kontak tussen hom en mnr. Havenga. Verlede Saterdag het mnr. Harm Oost, Uniale voorsitter van die Afrikanerparty, in Die Vaderland meegedeel dat geen een van die twee partye 'n kandidaat gaan stel nie.”

Volgens hierdie berig is dit baie duidelik dat dr. Malan mnr. Havenga se kandidaat, nl. adv. Vorster, geveto of afgekeur het, en dat mnr. Havenga toe aan dr. Malan gesê het dat hy in daardie omstandighede geen kandidaat hoegenaamd sal stel nie. Daarom staan adv. Vorster nou as onafhanklike Afrikanerparty-kandidaat met die ondersteuning van die Afrikanerparty, en sonder die amptelike ondersteuning van die H.N.P.

Samewerking Die Toets Vir Belangrikheid Van Verkiesing

mede-Afrikaners in die O.B. sal vat terwyl openbare kongresbesluite teen die O.B. gerig word, het die K.G. verklaar.

(Berig deur G. Van Rooy, P.U.K., Potchefstroom.)

Banger Vir Kiesers As Vir Russe

Die Amerikaanse huis van verteenwoordigers het die aanbeveling van hul leërhuur, genl. Bradley, om 'n staande mag van 1,500,000 op die been te bring as die minimum wat teen Rusland op die oomblik nodig is, van die hand gewys en in die plek daarvan geld vir 'n groter lugmag gestem, na Sapa-Reuter berig. Daaraan word toegevoeg dat die volksverteenvoerders net so bang vir die kiesers is as vir die Russe en derhalwe weer om diensplig goed te keur.

(Kyk ook berig op bladsy 8).

Mag Vyandskap Nie Repudieer

Die Transvaler, H.N.P.-orgaan in die Noorde, verklaar na aanleiding van die K.G. se toespraak te Klerksdorp dat van H.N.P.-kandidate nou verwag word om 'n leier en kongres te repudieer, „die een wat dit doen sal geskors word”, aldus die blad.

OFFISIËRE VAN GEBIED F.



Genl. P. J. Bosman van Middelburg (Tvl.) en genl. J. J. Eloff van Soutpansberg.

Sametrekking, Offisiere Gebied F.

Alle Ossewabrandwag-offisiere vanaf kommandant(e) en hoër, Jeug- en Wag ingesluit, word hiermee dringend opgeroep om 'n algemene sametrekking van offisiere by te woon. Offisiere kom op die koste van hulle betrokke afdelings; indien iemand om 'n onvermydelike persoonlike rede nie aanwesig kan wees nie, moet hy/sy 'n verteenwoordiger(ster) stuur. 'n Volledige presensielys sal gehou word.

Die Kommandant-Generaal, dr. Hans van Rensburg, sal 'n toespraak hou oor belangrike sake wat die huidige situasie raak.

Agenda: Waar staan die O.B. en hoe staan die O.B.?

Tyd: Saterdag, 1 Mei 1948, vanaf 2 nm. tot 5.30 nm.

Plek: Rapporteer by Gebieds-

Russe Het Meer Duikbote As Amerika

Rusland het 'n duikbootvloot feitlik twee keer so groot as dié van die Verenigde State, het adm. Louis Benfeld, stafhoof van die Amerikaanse vloot, verklaar. Die V.S.A. het 175 duikbote in vergelyking met tussen 260 en 370 van die Russe. Laasgenoemde het sommige van die moderne Duitse duikbote oorgeneem en bou nog meer van hulle in Duitse skeeps- werwe.

Mielie-Oes 'n Rekord

Suid-Afrika verwag vanjaar 'n rekord mielie-oes, het die Minister van Landbou verklaar. Die oes word op 29,700,000 sakke geskat en sal teen 21s. 6d. verkoop word.

H.N.P. AMPTELIK BUIE STEMMING IN BRAKPAN

Die feite omtrent Brakpan is nou bekend. Die H.N.P.-leiding met die klaarblyklike toestemming van dr. Malan, wat spesiaal per vliegtuig in geselskap van sy partysekretaris, mnr. F. C. Erasmus, voorverlede week na Johannesburg gegaan het, het in Transvaal aangekondig dat hy geen steun aan die kandidatuur van adv. John Vorster sal verleen nie.

Adv. Vorster is aanvanklik deur mnr. Havenga aangewys as die A.P.-kandidaat vir Brakpan nadat hierdie setel aan die A.P. toegeken is. Dr. Malan het, volgens erkenning van Die Vaderland, mnr. Havenga se blad, geweier om sy goedkeuring aan die benoeming te verleen, waarop mnr. Havenga besluit het om af te sien van die setel.

Mnr. Vorster het toe aangekondig dat hy as onafhanklike sal staan. Hierop het Die Transvaler, die H.N.P.-blad, in 'n hoofartikel verklaar dat die H.N.P. geen steun aan mnr. Vorster kan verleen nie en wel omdat dit mnr. Havenga se plig is om „'n geskikte kandidaat” te vind en in die tweede plaas die H.N.P. nie sy steun kan gee aan 'n persoon „wat die O.B.-leiding se politieke lewensbeskouing aanvaar nie” (Die Transvaler, 23 Maart). Die blad het daaraan toegevoeg dat die setel in hierdie geval na die H.N.P. terugval om daaroor te besluit.

hoofkwartier nie later as 1 nm. nie.

U teenwoordigheid en aktiewe steun is dringend noodsaaklik. Verversings en eetware sal op die plek van samekoms te koop aangebied word. Offisiere wat vir die naweek wil oorbly, moet vooraf vanself sorg vir hul verblyf.

WAT BESLUIT GAAN WORD OP WORCESTER

Waarom is die laertrekke van Worcester en Pretoria so belangrik? Die volgende feite sal dien om O.B.-lede tot die besef te bring wat eintlik op die spel is, en waaroor daar besluit sal moet word:

● Dr. Malan is bereid om met kol. Stallard saam te werk wat 'n anti-republikein en anti-nasionaalgesinde is, net omdat hy blank is.

● Hy is egter nie bereid om saam te werk met 'n republikeinse, nasionale Afrikaner wat lid van die Ossewabrandwag is nie.

● Hierdeur toon dr. Malan dat die vernietiging van die Ossewabrandwag vir hom doel nommer een van die verkiesing is en belangriker is as die sogenaamde voortbestaan van die blankedom waarvoor hy voorgee dat hy veg.

● Die redes wat dr. Malan aangee vir sy blinde beleid is: (1) Die Ossewabrandwag wil politieke partye afskaf, d.w.s. volksverdeelheid afskaf en volkseenheid bring.

(2) Die Ossewabrandwag het geen wil van sy eie nie en sal maar in elk geval vir die H.N.P. stem sodat dit nooit nodig is om die stryd teen hom te staak nie.

● Hieruit blyk dat die saak van volkseenheid alleen skade kan ly deur dr. Malan onvoor-

Gaping Word Wyer

Die Britse regering het nog geen sukses behaal om die gaping tussen sy invoer en uitvoer in te krimp nie, volgens die jongste syfers wat in die Britse laerhuis aangekondig is. Tydens Maart was die gaping tussen die in- en uitvoer £58,000,000 teenoor £36 en £31 miljoen in die twee voorafgaande maande.

waardelik te ondersteun, omdat:

(1) Hy die onderlinge broedertwis op die wyse nooit sal staak voordat die Ossewabrandwag eers vernietig is nie.

(2) Die Ossewabrandwag in elk geval vernietig sal word wanneer sy lede met die mond aan die O.B. behoort, maar met die daad aan dr. Malan behoort.

(3) Dit onmoontlik is om jou ideale van volkseenheid verwezenlik te kry wanneer jy in teorie aan daardie ideale glo, maar in praktyk stem vir die vernietiging van daardie ideale.

● Dit het dus nou na Brakpan nodig geword vir die Ossewabrandwag om te besluit of hy wil kant kies vir ewigdurende volksverbrokkeling dan of hy sy stryd gaan voortsit vir volkseenheid.

● Die Ossewabrandwag sal by hierdie geleentheid moet oorweeg of die verkiesing werklik oor blanke behoud gaan dan of dit bloot oor partybehoud gaan.

● Hy sal ook moet oorweeg of dit moontlik is om vir blanke behoud te veg met 'n wapen wat volksverbrokkeling as grondslag

der, dan het die H.N.P. daar niks mee te doen gehad nie en hy wil ook geen verantwoordelijkheid in verband daarmee neem nie. Wat die Partyleiding se optrede dan sal wees, en wat hy by sy lede sal aanbeveel, sal hy dan eers uit eie beweging oor besluit. Daarby sal natuurlik in ag geneem word wie so 'n kandidaat is.” (Die Transvaler, 12 April).

Hierop het adv. Vorster aangekondig dat hy nou as onafhanklike Afrikanerparty-kandidaat gaan staan.

BUIE STEMMING

Die Transvaler het dit opgevolg met die volgende aankondiging namens die H.N.P.-leiding:

„Die Dagbestuur van die H.N.P. het sy besluit (hierbo aangehaal — Red.) geneem wetende dat mnr. Vorster van voorneme was om hom weer aan te kondig as onafhanklike wat ook al gebeur, en omdat die H.N.P. nie onder sulke omstandighede medeverantwoordelikheid kon neem vir enige in die hande speel van die Smuts-kandidaat nie . . .”

Dan verwys die blad na die K.G. se omsendbrief insake Brakpan, wat onder datum 3 April uitgestuur is, terwyl Die Transvaler reeds op 23 Maart verklaar het dat die H.N.P. nie vir 'n O.B.-lid kan stem nie, en sê:

„Veral ook met in agneming van die Van Rensburg-verklaring . . . sal die organisasie van die H.N.P. in Brakpan nie aan die verkiesing kan deelneem nie. Die H.N.P. laat dit aan sy ondersteuners in Brakpan vry om elkeen in sy individuele hoedanigheid daar te handel en te stem volgens sy eie oordeel.”

Eetmaal Afrikaanse Koffiehuis, 1 Mei 1948

OM 7.30 N.M.

Die Gebiedsleier het besluit om na afloop van die Offisierslaertrek, Saterdag 1 Mei, 'n eetmaal te hou in die Afrikaanse Koffiehuis, Pretoria, ten bate van die Noodhulpfonds.

Daar lê nog nege van ons Kamerade in die Baviaanspoort-

gevangenis, Pretoria. Twee het lewenslange vonnisse. Vir hulle afhanklikes moet gesorg word. Dit kos sowat £80 per maand.

Terwille van ons gevonnisse Kamerade word u beleefd versoek om die eetmaal by te woon. Kaartjies is verkrygbaar by die Stafhoof, Sanlamgebou 616, Pretoria.

Daar is net 'n beperkte aantal sitplekke teen 10/6 enkel, maak dus seker dat u vroegtydig u kaartjie bestel.

(Vervolg van vorige kol.)

Die Verkiesing gaan, na dr. Malan se hoof oogmerk, vir die behoud van volksverbrokkeling. Waar moet die Ossewabrandwag dan staan in hierdie verkiesing?

Dit is die vraag wat op Worcester en Pretoria beantwoord sal moet word.

DOEL VAN VERKIESING

het, dan of die behoud van die blankedom nie juis in samewerking lê nie.

Dr. Malan het getoon dat hy staan vir Volksverbrokkeling.

Die Ossewabrandwag daarenteen staan vir volksamewerking. (Vervolg in volgende kol.)

,LEGION' BLAAS AFTOG VOOR MNR. BROWN

Die Springbok Legion het in gebreke gebly om openlik en direk te antwoord op die vraag of hulle Kommunisties is of nie. Om by die direkte vraag van mnr. S. E. D. Brown in die Cape Argus of die Legion Kommunisties is verby te kom, haal die organiseerder van die Legion, mnr. A. J. Storm, 'n niks-seggende gemeenplasje van genl. Smuts aan wat hy van die Springbok Legion gesê het. Hy waag dit egter nie om sy eie woorde te gebruik en te ontken om te erken of sy organisasie „kommunisties in sy karakter en doelstelling” is nie — die

reguit vraag van mnr. Brown. Boonop verklaar hy dat hy geen verdere korrespondensie in die pers oor die saak gaan voer nie.

Die feit dat die organiseerder probeer skuil agter ander se woorde, sonder om reguit op 'n eenvoudige vraag te antwoord, dui net daarop dat hy nie kan waag om direk op hierdie vraag te antwoord nie. Elkeen sal daarvan aflei dat die Springbok Legion Kommunisties moet wees.

Mnr. Brown is sekretaris van die Sons of South Africa.

PARLEMENTARISERING HET MISLUK

Selfs diegene wat tydens die regering van Hitler teen die Nazi-bewind gekant was, kyk vandag na daardie tydperk terug as „die goeie ou tyd” in vergelyking met wat die Westerse demokrasië hulle bied, skryf die bekende blad, Irish Press.

Die blad vervolg: „Daar is absoluut geen grond om te glo dat die demokrasie met welslae (in Duitsland) aangekweek is nie. Mens kry die ongemaklike gevoel dat hierdie demokratiese struktuur wat die Geallieerdes daargestel het slegs 'n niksbeduidende ding is en dat die uitgeputte en moeë manne wat uit die kampe losgelaat word om

dit te help verstewig, net so maklik weggeleë sal word soos in die dae van die Weimar-regime”, aldus die blad.

Lees U Esegel 34? (Adv.)

Het U Al 'n Intekenaar Gewerf?

VUL ASSEBLIEF HIER IN

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van..... vir die eerste.....maande.

NAAM:
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES:
.....
.....

Handtekening.

Intekengeld: 10/- per jaar of 5/- per halfjaar.
Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

Die O.B.-Leiers — Wie Is Hulle?

Hfgenl. P. D. Rousseau

Ses-en-veertig jaar gelede het hfgenl. P. D. Rousseau van die Kaapse Skiereiland in die skadu van die galg gestaan toe die doodvonnis oor hom uitgespreek is as Kaapse rebel. Hierdie wraakmaatreël, omdat hy die wapen opgeneem het teen Brittanje, is egter nie voltrek nie en later gewysig tot lewenslange verbanning na St. Helena.

Die Brandwagte van die Kaapse Skiereiland het sedert die stigting van die Ossewabrandwag die voorreg gehad om onder leiding van hfgenl. Rousseau te staan en vandag, nie-teenstaande sy hooë ouderdom en swak gesondheidstoestand vanweë wonde wat hy opgedoen het, staan genl. Rousseau nog aan die hoof van twee van die lewenskragtigste Republikeinse afdelings in Kaapland.

Pierre Daniël Rousseau is gebore te Franschhoek op 22 Februarie 1882 — dus op vyf dae na een jaar na die slag van Amajuba. Sy vader was wyle ds. P. W. Rossouw, wat onder die skuilnaam „Cefas” gedurende die Eerste Taalbeweging gedigte die lig laat sien het asook preke in Afrikaans geskryf het.

Sy skoolopleiding het hy te Fraserburg gehad, vanwaar hy na die ou Victoria-kollege te Stellenbosch vir verdere studie gegaan het. Hy het egter in 1901, na sy „Intermediër”, in die distrik Molteno gaan skoolhou met die doel om met die Boeremagte in aanraking te kom, waarby hy dan ook spoedig sy lot ingewerp het.

Mettertyd is hy aangestel as een van die lyfwag van genl. Kritzinger, met Calman Lion-Cachet as sy kommandant.

GEWOND


Tydens een van die Engelse „drives” het die onverskrokke komdt. Calman Cachet op 13 Augustus ’n koeël deur die hoof gekry, en Pierre Rousseau ’n skoot dwarsdeur sy lyf. Nie-teenstaande die swaar verwonding het hy nog dwarsdeur die nag op sy perd gebly — want hy was ’n Kaapse rebel. Genl. Kritzinger het hulle egter die volgende dag ingehaal en Pierre Rousseau was toe in so ’n toestand dat hy oom Daantjie v. d. Heever van Ruigtevlei gekommandeer het om hom per veerwaentjie na Venterstad te neem, vanwaar die Engelse hom per ambulanswa na die hospitaal te Norvalspont gestuur het.

Nadat sy wond tot ’n mate genees het, is hy teruggeneem na Molteno. Daar is hy toe verhoor, en saam met ’n paar kamerade op die plein voor die inwoners van die dorp ter dood veroordeel. Hierdie vonnis is later egter gewysig na lewenslange verbanning na St. Helena.

VERDUBBEL U KRAG!

Die Ossewabrandwag kom nou met mening. Die organisasie is oral besig om weer op te staan. U kan help om krag by hierdie beweging te sit deur die enigste persorgaan van die Ossewabrandwag groot en sterk te maak. As elke leser een intekenaar werf, is ons blad dubbel so sterk en ons gedagte dubbel so wyd verbreid.

Doen dit nou!



Hfgenl. P. D. Rousseau

IN ONDERWYS

’n Jaar na die oorlog is hy weer losgelaat en het hy weer sy studie aan die universiteit voortgesit. Later het hy skoolhoof geword op Richmond, Stellenbosch en ook van die Hoër Jongenskool te Worcester. Daarna was hy inspekteur o.a. te Laingsburg, Wellington, Tulbagh en Kaapstad.

Na sy aftrede het sy mederebel J. A. Smith hom aangestel as hoofgeneraal in die Ossewabrandwag, waar hy homself onderskei deur sy getrouheid en deeglikheid, aangeleer op die slagveld en in sy professie. Hy steek sy lyf nie weg nie en het, hoewel hy nog baie las het van sy oorlogswond, ’n hele paar keer op Franschhoek saam met die offisiere en die Wag gaan uitkamp.

SAKEMAN

Hfgenl. Rousseau is verder ook rustende ouderling van die Groote Kerk en direkteur van Santam, Sanlam en Saambou (Permanente) Bouvereniging.

Genl. Rousseau het ’n baie belangrike aandeel gehad in die Ossewatrek van 1938. Hy was lid van die komitee wat byna daagliks in Kaapstad vergader het om die verskillende trekke te reël, en te sorg dat hulle koershou van 8 Augustus tot 16 Desember.

Mev. Rousseau is ’n suster van Kweekskool-professor Gerdener en is self ook nog baie aktief. Sy is lid van die hospitaalraad, van die bestuur van die krepelsorg, van die A.C.V.V. ens. „Sy brei haar handpalm uit na die ellendige, en sy steek haar hande uit na die behoeftige”.

FAMILIE

Hulle het twee getroude dogters, van wie een nog bowendien ’n mediese dokter is. Verder is daar drie seuns, ’n chemiese ingenieur, ’n sakeman en die jongste Lion (genoem na wyle komdt. Calman Lion Cachet) is ’n student. Verder is daar ook al ’n mooi klompie kleinkinders, wat hulle ook daarop beroem dat hulle oupa nie alleen in die tronk was nie, maar tot selfs vandag nog die stryd voer teen die Empire as hoofgeneraal in die Ossewabrandwag.

Lees U Esé giel 34?

Kampprediker Oorlede

Dit sal seker vir alle oud-geïnterneerdes ’n skok wees om te verneem dat ds. Dawid Botha, emeritus predikant van Koffiefontein op dieselfde dag wat hy uit die Vrystaat by ’n skoonseun op Parow verlede week aangekom het, plotseling oorlede is. ’n verteenwoordiger van die Bond van Oud-Geïnterneerdes en politieke gevangenes moes ’n woord van waardering by die graf spreek, met die teraardbestelling, maar weens die vertraging van die trein uit Kaapstad by Woodstock vir ’n uur lank, was die begrafnis afgeloop toe die trein daar aankom.

Onder die leiding van ds. Botha, onder swak gesondheidstoestande en sy eie gemeentelike werk, het hy met behulp van sy Kampkerkraad wat uit al drie Hollandse Kerke bestaan het, groot seën onder Kamp 1 se Afrikanerdom geskep, en na ’n kampkerkraadsid aan Die O.B. in ’n onderhoud meedeel, met die grootste seën aan die prediking, nagmaalsbediening, aan-neming ens. gearbei, en daar bygevoeg: „Die eenheid wat jaar op kerklike gebied onder ds. Botha se leiding in die Afrikanerkamp geheers het, is ds. Botha se grootste prestasie! Mense wat buitekant die kamp kerklos was, het daar in die kamp nie kon help om ds. Botha se dienste by te woon nie, en van hulle het selfs onder sy prediking tot inkeer gekom!”

Aan mev. Botha, die ses getroude dogters en seun word die innigste meegevoel langs dié weg betuig.

Die Volk Soek: U Kan Dit Gee

Ons volk is tam omdat hy geen hoop meer koester van bestaande instellings nie. Die Ossewabrandwag kom met nuwe ideale en moderne metodes. Die volk soek daarna, maar weet nie waar om dit te kry nie. Gee u blad vir u buurman en u wen ’n nuwe makker om aan u sy te stry vir ’n nuwe toekoms.

As elke leser een intekenaar werf, verdubbel die hoop en daarmee die krag van ons volk om weer op te staan.

Doen dit nou!

(Vervolg van bl. 4, kol. 5) bekend. Die werklike uitwerking van die kommissie-rapport was — groot vordering van die P.U.K. en die herkryging van sy „van” nl. „Vir Christelike Hoër Onderwys” in 1933.

NOG VAN TOEPASSING

Die gewetenskousule is egter vandag nog van toepassing op alle universitêre inrigtings in ons land. ’n Universiteitsdosent het nadat hy kennis geneem het van die onthullings wat in ds. Krynaau se lesing voorkom, hom soos volg uitgelaat: „As dit histories juis is, en die enigste argument is vir ons neutrale onderwys, is dit hoog tyd dat iets gedoen word.”

Is dit nou die regte tyd? Binnekort sal die Universiteitskolleges van die Oranje Vrystaat en van Potchefstroom aansoek doen om volwaardige en onafhanklike Universiteite te word. Wetgewing sal in elk geval ingedien moet word. Is dit dan nie nou die regte tyd om die onderwyswet te hersien nie?

En kan dit nie deur weglating van die gewetenskousule help om ’n christelike hoër onderwys te bevorder nie?

Ja, dit is werklik nou die tyd dat ons volk weer soos in 1926 in beweging moet kom en Christelike-nasionalisme in die plek van Joods-liberalisme moet eis.

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE KIEMS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE

(Edms.) Bpk
MOERMARK (Posbus 7185) Newnes

A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria
154 Takke

NOODHULP VIR DUITSLAND DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.)

Ondersteun ons Taak om die Ontsettende Nood in Duitsland te Lenig.

ONS BENODIG DRINGEND:


- Fondse vir die aankoop van voedsel, klerasie en medisyne.
- Klerasie en skoene, nuut of gebruik, maar skoon en in goeie toestand.
- VET.
- Biltong of ander onbederfbare eetware.

STUUR U BYDRAE, BEHALWE VOEDSELWARE AAN U PLAASLIKE NOODLENIGINGSKOMITEE VIR DUITSLAND of regstreeks aan die

DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.)
Bloedstraat 164, Hoopstraat 105B,
PRETORIA. KAAPSTAD.

● VOEDSELWARE ALLEEN AAN D.A.H.A., PRETORIA. ●

Slegs
£20
bring
u die
KLEINE WONDER
SEMENT-STEENMAAKMASJIN



Maak volkome reghoekige, welgevormde sementstene op die plek waar u hulle nodig het. U sal tyd en geld spaar in vervoer, messel en pleister. Vier arbeiders kan 4,000 stene per dag maak. Die „KLEINE WONDER” kos slegs £20 v.o.s. Hopefield. Die onderstel kos £10 ekstra, maar enige stewige stellasië is vir hierdie doel geskik.

J. H. BUHR

Posbus 18

Voortrekkerstraat - Hopefield

Telegramme: „BUHR”

EXCELSIOR Meubels BPK.

Bied u u Huishoudelike Benodigdhede teen die Laagste Pryse aan.

MAKLIKE VOORWAARDES WORD GEREËL

Besoek ons te:

JOHANNESBURG - - - - - Pleinstraat 40

PRETORIA - H/v Andries- en Pretoriusstrate

KAAPSTAD - - - - - Pleinstraat 47/49

BLOEMFONTEIN - - - - - St. Andrewstraat 123

KROONSTAD - - - - - Crossstraat 42

VEREENIGING - - - - - Marklaan 17C

POTCHEFSTROOM - - - - - Kerkstraat 108

FICKSBURG - - - - - Markplein

In u eie keuse van materiaal teen slegs 15/- per week.

Excelsior Meubels Beperk,
Posbus 6670, Johannesburg
Stuur Gratis Katalogus
Naam
Adres

DIE O.B., WOENSDAG, 21 APRIL 1948

Verantwoordelikheid Rus Op Dr. Malan

Die houding wat die Ossewabrandwag van Kaapland in die verkiesing gaan inneem, sal Saterdag op 'n spesiale laertrek te Worcester bespreek word. Hierdie stap het nodig geword nadat die Ossewabrandwag eers geen twyfel oor sy houding vir homself sowel as die buitewêreld gelaat het nie. Op die Paarl verlede November het die Kommandant-generaal hom oor die kwessie van samewerking as volg uitgelaat:

„Wat ons betref is die saak van die O.B. se verhouding tot die opposisie afgehandel omdat daardie mans en vrouens 'n tuiste gevind het (in die A.P.) en met daardie tuiste dankbaar tevrede is. En die voldonge feit dat daardie tuiste reeds 'n samewerkende bondgenootskap met die ander Opposisie-vleuel, die H.N.P., aangegaan het, skakel by elke welmenende mens alle verdere wrywing uit. Ons is bondgenote en mens baklei mos nie met jou bondgenote nie; mens baklei met die vyand, en dié sit in die Unie-gebou, nie in die O.B. of die H.N.P. nie. In vadersnaam derhalwe, laat ons nou elkeen na vore kyk en nie na die flanke nie. Die flanke is deur samewerking gedek. Die vyand staan voor.”

In hierdie gees was die O.B. bereid om sy volle gewig by die opposisie-groepe met die verkiesing in te werp. Hy was bereid om die verlede te vergeet en „na vore” te kyk „na die vyand in die Unie-gebou”.

VEG TEEN EIE FLANKE

Dr. D. F. Malan wou dit egter anders. Hy wou met sy flanke veg en nie met die vyand nie. Toe sy bondgenoot, die Afrikanerparty, in Brakpan 'n lid van sy hoofbestuur as kandidaat wou benoem, het hy daarteen beswaar gemaak op grond van die feit dat die kandidaat ook 'n lid van die O.B. is. Vir dr. Malan was die vyand nie net in die Unie-gebou nie, soos dr. Van Rensburg gesê het, maar ook in die geleedere van sy bondgenoot-party. Hy het getoon dat wat hom betref, hy in die Ossewabrandwag en sy lede net so 'n groot vyand sien as in genl. Smuts. Hy was selfs bereid om in Brakpan sy party buite stemming te laat bly en daarmee die setel aan genl. Smuts te gee, wat toon dat hy in die republikeinse Ossewabrandwag selfs 'n groter vyand sien as in Smuts of kol. Stallard, met wie hy hom bereid verklaar het om in die verkiesing en in die parlement saam te werk. En ten spyte van Die Burger van 14 April, wat nog steeds die indruk wil probeer wrek dat die H.N.P.-leiding nie adv. Vorster afgekeur het, skryf Die Transvaler van 12 April op gesag van die H.N.P.-hoofbestuur dat die H.N.P. geen verantwoordelikheid aanvaar om 'n onafhanklike nasionaalgesinde kandidaat in Brakpan te steun nou dat mnr. Havenga die setel nie meer wil betwis nie. „Daarby sal natuurlik in ag geneem word wie so 'n kandidaat is”, voeg die blad daaraan toe.

Wat beteken hierdie voorbehoud? Dit beteken dat die H.N.P.-leiding openlik erken dat hy liever buite stemming sal bly in Brakpan as om 'n opposisie-kandidaat te ondersteun wat lid van die O.B. is. So 'n voorbehoud geld nie vir kol. Stallard se imperialistiese kandidaat nie. Aan hulle het die H.N.P.-leiding reeds sy ondersteuning by voorbaat toegesê ongeag wie die kandidaat is. Maar in die geval van 'n nasionale opposisie-kandidaat behou die H.N.P.-leiding hom die reg voor om buite stemming te bly indien die kandidaat nie vir die H.N.P. aanneemlik is nie, d.w.s. 'n O.B.-lid is.

En op 15 April — nog steeds ondanks dr. Malan en Die Burger se ontkenning — skryf Die Transvaler namens die H.N.P.-leiding dat die H.N.P. as organisasie nie aan die verkiesing in Brakpan sal deelneem nie nou dat adv. Vorster die nasionale kandidaat teen die Smutsparty is.

STEL VOORBEELD

Wat beteken dit? Dit beteken dat die H.N.P. in 'n verkiesing „wat inderdaad oor die vraag gaan of die Westerse beskawing en 'n blanke Suid-Afrikaanse nasie in ons land sal voortbestaan of nie” (Die Burger, 14 April) bereid is om die verkiesing te verloor indien hy daarmee EEN O.B.-lid uit die parlement kan hou.

Of die H.N.P.-leiding openbaar hiermee 'n onvergeeflike gebrek aan verantwoordelikeitsin teenoor die „Westerse beskawing en 'n blanke Suid-Afrikaanse nasie”, of hy glo self nie dat die Westerse beskawing so danig in gevaar is nie. In eersgenoemde geval steek daar vir die O.B. geen sin in nie om sy steun toe te sê aan so 'n onverantwoordelike party wat self buite stemming bly waar die kandidaat hom nie aanstaan nie, en as die tweede waar is, het die H.N.P. geen die minste reg om die O.B. te verwyrt dat hy die Westerse beskawing in die rug steek deur buite stemming te bly nie — net soos die H.N.P. nou in Brakpan amptelik buite stemming gaan bly.

(Vervolg in volgende kol.)

VOLK HET 'N VIS GEVRA MAAR 'N SLAG ONTVANG

Mnr. A. J. van Rooy, B.Sc., van Kaapstad, wêrp onderstaande interessante lig op die stryd teen die „gewetenskousule” wat op eis van twee Britse Jode vandag in ons wetboek staan en verhinder dat die kinders van Christelike ouers ooreenkomstig hul doopbelofte opgevoed word.

Die verslag wat in Die O.B. van 31 Maart verskyn het van die lesing van ds. D. W. Krynaau vestig weer andermaal die aandag op hierdie wetsbepaling wat die universitêre inrigtings in ons land o.a. die reg ontnem om vooraf vas te stel of leerkrigte 'n Christelike of 'n heidense wetenskap sal doseer. Dit is natuurlik heeltemal strydig met die belofte wat ons met die doop van ons kinders aflê waar ons „ja” antwoord op die vraag: „Beloof u en is dit u voorneme om hierdie kind, as dit tot sy verstand gekom het, . . . in dié leer (naamlik die Christelike) na u vermoë te onderrig of te laat onderrig?”

Hierdie lesing roep ook die feit in herinnering dat daar sowat twintig jaar gelede 'n groot stryd ontbrand het om hierdie smaad van ons volk te verwyder. In sy toespraak op 3 Oktober 1941 voor die oudstudee van die P.U.K. vir C.H.O. het prof. F. Postma, die rektor van die inrigting, weer na hierdie stryd verwys, wat werklik 'n volkstryd was, hoewel dit die P.U.K. meer in besonder geraak het.

TWEE JODE

Die stryd het ontbrand direk as gevolg van die onderwyswet van 1916, wat soos ds. D. W. Krynaau onthul het, opgestel is deur F. S. Malan, maar deur die Jode Otto Beit en Julius Wernher goedgekeur moes word. Die Universiteit van Kaapstad het toe £500,000 ontvang, maar dit net terloops.

Die P.U.K. is hierdeur diep geraak. Tot dusver het die inrigting as 'n vrye inrigting, gekoppel aan die Teologiese skool van die Gereformeerde Kerk, bestaan en die studente kon eksamen aflê aan die enigste Eksaminerende Universiteit, nl. „Die Universiteit van Kaap De Goede Hoop.” Hierdie wet van 1916 het egter drie universiteite tot stand laat kom, nl. Kaapstad, Stellenbosch, en die Universiteit van Suid-Afrika bestaande uit die ses samestellende kolleges, nl. Pretoria, Johannesburg, Natal, Bloemfontein, Grahamstad en Wellington.

DIE STRYD

Aangesien hier geen voorsiening vir Potchefstroom gemaak is nie, is die inrigting feitlik gedwing om af te skei van die Teologiese Skool en aansoek te doen om ingelyf te word by die Universiteit van Suid-Afrika.

Prof Postma deel dan verder in sy toespraak mee:

„(In) 1921 is by wetgewing

(Vervolg van vorige kol.)

In kort: Die H.N.P.-leiding, met die instemming van dr. Malan, het nou openlik die voorbeeld gestel dat hy geen fout daarmee vind om buite stemming te bly in 'n moontlik deurslaggewende setel nie. Hy het dus geen rede hoegenaamd om die O.B. te verwyrt as laasgenoemde gaan besluit om buite stemming te bly waar dit kandidaat van die H.N.P. betref nie.

Niemand het die reg om van die O.B. groter verantwoordelikeitsin te eis as wat die leier wat „die Westerse beskawing en 'n blanke Suid-Afrikaanse nasie” dan glo moet red, openbaar nie — ten minste nie as daarmee bedoel word dat die O.B. so 'n onverantwoordelike leier moet steun nie!

die Kollege geïnkorporeer, maar die wetgewing van die land het vereis dat die Kollege sy Van nl. „vir Christelike Hoër Onderwys” moes prysgee.

„Dit was smartlik en pynlik. So was die onverbiddelike eis van die toe fungerende Minister van Onderwys, sir Patrick Duncan, hierin gesteun deur die voormalige Minister, F. S. Malan, wat daardie tyd as Minister in 'n ander hoedanigheid opgetree het, maar wat die vader van die Wet van 1916 met die klousule was.

„U sal begryp watter invloed by die wetgewing van 1916 die deurslag gegee het. Seker het die invloed in 1916 nie so prominent op die voorgrond getree nie, maar toe ons Kollege met sy naam en sy van kom, het die Joods-liberalistiese invloed hom laat geld.

„Diep oortuig van die ongestheid van so 'n klousule in die wetgewing van 'n Christelike volk, het die Raad aan sy rektor die taak opgedra om alles in sy vermoë te doen om dit verwyderd te kry.

STEUN VERLEEN

„Met groot dankbaarheid mag gesê word dat die grootste deel van ons Afrikaanse Kerke steun verleen het, ook deur Sinodale besluite; verder dat die Nasionale Party op sy kongresse in Transvaal en Kaapland die beweging gesteun het.

„'n Sentrale Komitee is gevorm met verteenwoordigers van al die kerke en verteenwoordigers van die twee groot politieke partye van daardie dae, die Nas. Party en die Suid-Afrikaanse Party. 'n Voorstel om die klousule verwyderd te kry is ingedien maar, hoewel dit pynlik is om te sê, moet dit in hierdie verband gesê word: Die destydse Minister van Onderwys, dr. D. F. Malan, gerugsteun deur dié twee groot leiers, genl. Hertzog en genl. Smuts, het die voorstel ingedien deur wyle dr. N. J. van der Merwe, laat misluk.”

STEL VRAAG AAN KANDIDATE

Die vyandskap wat die H.N.P.-leiding opnuut teenoor die Ossewabrandwag openbaar, soos uit Brakpan en Roodepoort geblyk het, maak dit noodsaaklik dat daar duidelikheid verkry word van die H.N.P.-kandidate wat die steun van O.B.-lede vra. Daar word dus versoek dat op elke vergadering van H.N.P.-kandidate die pertinente vraag aan die kandidaat of spreker gestel word om publiek te verklaar of hy teen diskriminasie teen O.B.-lede is, hetsy binne die H.N.P. of die A.P.

Indien die kandidaat of spreker homself teen diskriminasie verklaar, kan as toets aan hom die verdere vraag gestel word of hy 'n afgevaardigde was by die kongres wat die diskriminasie-besluit aanvaar het, en of hy daarteen gestem het.

In dié verband dien onderstaande gegewens as inligting vir O.B.-lede:

Die Transvaalse kongres het, volgens Die Transvaler van 18 September 1947, met slegs EEN teenstem besluit om O.B.-lede slegs toe te laat indien die Grootraad sy beleid van 'n partylose staat verwerp en hom van die „politieke terrein” verwy-

Joodse Bepaling Moet Weg

REAKSIE

Dit het in 1926 gebeur. Daar het 'n reaksie gekom van regeringskant. „In 1927 het die Minister van Onderwys, toe dr. D. F. Malan, 'n kommissie aangestel om rapport uit te bring oor die toestand en werksaamhede van alle universitêre inrigtings in die land.

„In Julie 1928 het die rapport verskyn en oor die P.U.K. (sonder sy Van) is die doemvonnis uitgespreek. Met sterk afkeuring is gewag gemaak van die ondoelmatigheid en gebrekkigheid van die geboue waarin die P.U.K. gehuisves was, asook die laboratoria en die biblioteek. Tot verduideliking moet hier gesê word dat die P.U.K. gehuisves was in hout- en -sinkgeboue, oorblyfsels van die ou militêre kamp te Potchefstroom — 'n nalatenskap van die Anglo-Boere-oorlog — wat teen 'n koste van £4,000 gekoop is.”

NET EEN KRY GELD

In die lig van die lesing van ds. Krynaau moet ons die volgende gevolgtrekkings maak. Deur die invloed van o.a. die Jode Beit en Wernher is alle universitêre inrigtings, ook P.U.K. en Universiteit Kaapstad, onderworpe aan die gewetenskousule. Die Universiteit van Kaapstad het egter alleen die geld van Beit en Wernher ontvang. Indien P.U.K. ook saam met die gewetenskousule £500,000 ontvang het, sou daar nooit 'n doemvonnis weens „ondoelmatigheid en gebrekkigheid van die geboue” uitgespreek gewees het nie!

Die Afrikaanse Kerke het sinodale besluite geneem. Nasionale Party-kongresse het besluite geneem. 'n Sentrale Komitee wat feitlik die hele volk verteenwoordig het, het opgetree. Christelike hoër onderwys is gevra, 'n doemvonnis is verkry. Wie sal vir sy seun, as hy vir hom 'n vis vra, 'n slang gee? Die verdere geskiedenis is wel-

(Vervolg op bl. 3, kol. 3)

der, d.w.s. o.a. ook sy republikeinse strewe verwerp.

Die Kaaplandse kongres op De Aar het, volgens Die Burger van 24 September 1947, die diskriminasievoorstel EENPARTY aangenem, d.w.s. dat O.B.-lede alleen aanvaar sal word indien hulle voor H.N.P.-besture bewys lewer dat hulle „nie langer die leer van die sogenaamde gesag- of partylose staat ahang nie”. Op hierdie kongres is ook besluit dat die H.N.P. geen kandidaat sal steun wat lid van die O.B. is nie.

Lees U Eségiel 34?

(Adv.)

PARTYPOLITIEK MOET GERED WORD — NIE BLANKEDOM NIE

Mnr. S. Nel, Brandvlei, skryf: Ons staan weer aan die voor-aand van 'n algemene verkiesing, en volgens die H.N.P.-leiers, die belangrikste van alle tye omdat; volgens hulle, die voortbestaan van die blanke beskawing in hierdie land op die spel is.

As ons nou egter die handelwyse van die hoofleier van genoemde party i.s. die kandidatuur van adv. J. Vorster in die so lewensbelangrike verkiesing gadeslaan en ons ontleed die posisie soos dit is, sal die volgende feite bewys dat die verkiesing wat die H.N.P. betref, nie gaan oor die behoud van die blanke beskawing en gevolglik ook die Afrikanervolk nie, maar wel van dié van die H.N.P. as politieke party, en die partypolitiek as sodanig.

Die volgende feite sal hierdie bewering staaf:

Omdat die verkiesing die siel van die Afrikanervolk raak, moet dit deur goeie volbloed Afrikaners geveg, en desnoods gewen word. Die A.P. en die H.N.P. sluit ter bevordering van hierdie doel 'n bondgenootskap.

Die O.B. as 'n Afrikanergroep het in hierdie stryd g'n kans nie omdat die deure van die H.N.P. vir hom gesluit is.

Die A.P. gooi egter sy deure vir die O.B. oop, en hul tree toe by duisendtal, want dr. Malan sê self dit is net so 'n goeie party as die H.N.P., dus gesuiwer van alle onreinheid, ook Vrymesselaarsbriewe. 'n Uitstekende geleentheid dus om die voortbestaan van die witman in hierdie land te help red.

Adv. B. J. Vorster, lid van die O.B., lid van die A.P. ('n goeie party), bondgenoot van die H.N.P., oud-geïnterneerde van die Smutsbewind, gevolglik 'n goeie, ten volle gekwalifiseerde volbloed Afrikaner word as kandidaat in hierdie verkiesing aangewys. Dr. Malan, hoofleier van

die gesuiwerde H.N.P., veto hierdie kandidatuur, net omdat Vorster lid van die O.B. is. As hy (Vorster) nou liever 'n tipiese Brit was, en nie lid van die O.B. nie, dan sou hy met oop arms ontvang gewees het, al was hy ook lid van een of ander Joodse organisasie.

Die enigste rede vir dr. Malan se optrede met sy diktatoriale magte is dus die lidmaatskap van die O.B. en die „tekortkoming” om geen partypolitikus te wees nie.

Die belangrikheid van die stryd is dus nie die voortbestaan van die witman in hierdie land nie, maar wel van die Partypolitiek, 'n tipiese Britse produk. Dit is dan ook tipies van sy majesteit se opposisie om vir sy majesteit se belange te veg, laat kos wat wil.

Moes In Pers Verskyn Het

Mnr. Barry Grobbelaar, „Sweet Home”, Vryburg, skryf:

Vandat ek die toespraak van dr. Van Rensburg op Stellenbosch gelees het, en ook die uiteensetting van adv. Vorster op Brakpan, voel ek nog meer ontevrede dat mnr. Havenga en dr. Malan nie die ooreenkoms onderteken en aan die pers gestuur het nie. Dan was dit nie vandag nodig om oor en weer te redekawel nie.

As ek die dinge so bekyk, lyk dit vir my of mnr. Havenga die O.B.-lede in sy party aan dr. Malan oorgegee het om te keur net soos hy wil. Mnr. Havenga het tog seker die kongresbesluit van die H.N.P. oor die O.B. gelees en waarom het hy dan nog met dr. Malan onderhandel?

Die H.N.P.-leiding kan nie eers 'n eed hou nie, wat nog van hul woord.

Mnr. Havenga vra samewerking en dat ons die ooreenkoms met geesdrif moet aanvaar. Hy sê: „ek wil vertrou dat waar ek en dr. Malan offers vra, hulle gebring sal word”. Dit is baie mooi woorde. Maar asb. nie O.B.-offers nie. Dit is nie net adv. Vorster alleen wat smarte verduur het nie, daar is nog baie ander. En ons as O.B.-lede by die Afrikanerparty gaan ons broers nie in die steek laat nie, kom wat wil. Ons staan waarvoor ons staan en is nie skaam om dit aan die wêreld te sê nie.

Maar ek sê vir u, hier in Vryburg is die verkiesing verlore.

Tekort Aan Mans

Duitsland het 'n tekort aan 7,000,000 hubare mans, wat beteken dat een uit elke drie vroue wat nou 'n hubare leeftyd bereik, ongetroud sal bly, volgens 'n gesaghebbende Amerikaanse waarnemer. Hy verklaar dat daar altyd baie meer vroue in Duitsland was as mans, maar dat die oorlog dit nog vererger het.

Soos Ons Lesers Dit Sien

Sal O.B. In Ban Doen

Komdt. D. H. Breedts, De Kor-testraat 90, Johannesburg, skryf:

Die O.B. sal in die ban gedoen word as die H.N.P. aan bewind kom. Hulle vyandigheid bewys dit gedurende die afgelope jare en nou weer op Brakpan en Roodepoort.

Johannesburg-stad se O.B.-lede gaan nie stem nie en ek glo en hoop ook dat ander kommando's nie sal stem nie. Die van ons wat A.P.-lede is, sal gaan stem om mnr. Havenga nie in ongeleentheid te bring nie. Maar ons verwag swaar reëns of bitter-koue weer daardie tyd en dan gaan hulle ook nie stem nie.

As ons beveel word om te stem gaan ons gewetensbeswaar maak. Net so min as wat die Weste 'n ideologie as teenvoet vir die Kommunisme het, net so min het die H.N.P. 'n staatsvorm wat vir ons aanneemlik is in die O.B. Hulle beleid op papier is mooi, maar nooit sal dit toegepas kan word nie, want dan bots dit met die kapitalisme.

Die verkiesing gaan net soos sy voorgangers niks tot uitvoering bring nie, alleen bitterheid en twee-drag.

'n Huis wat in homself verdeel is sal ondergaan en as Suid-Afrika nie ontwaak nie gaan ons onder.

Sonder Eenheid Geen Oorwinning

Mnr. Johann A. Landman, Kopie-alleen, Pk. Pongola, skryf:

Veroorloof my om 'n voorspelling te doen met betrekking tot die uitslae van die op hande synde algemene verkiesing. Mits elke O.B. met hart en siel, saam met ons K.G., dr. Van Rensburg, ons gewig ingooi aan die kant van mnr. Havenga en die Nasionale Party dwarsdeur die land, en ons nie steur aan die afguns van sommige H.N.P.-„lyers” nie (want hulle wat ons nog verag en wantrou is maar nog steeds „lyers” en nie leiers nie) sal die verkiesing verloor word. Ons K.G. trek nog steeds duisende na sy vergaderings, waar party-leiers baie keer met net 'n paar honderd toehoorders moet tevrede wees, want hulle organisasie kan nie kersvashou vir die van ons beweging nie. Alleen met 'n volmaakte 100% organisasie kan die Verenigde Party uit die kussings gelig word; die meerderheid van die nasionaliste (nie party nie) sal gering wees, en sal deels afhanklik wees van die paar goedgesinde partylede van ander groepe wat sal verkies word om te kan regeer, en dan sal daar baie gou weer 'n algemene verkiesing volg, waar die Afrikanervolk reeds verenig sal wees en 'n groot meerderheid sal behaal. Ons meerderheid sal so groot wees dat die volk sy leier sal kan kies, en die leier sal 'n volksleier wees van durf en daad, wat 'n Afrikanervolk sal kan lei na eendrag maak mag.

Die tyd van die Verenigde Party met sy verdeel en heerspolitiek is uitgedien, hulle het (Vervolg in volgende kol.)

Lees U Eségiel 34? (Adv.)

Vlughtelinge En Staatloses As Immigrante

Watter soort immigrante toegelaat word om voet aan wal te sit in Suid-Afrika, blyk uit die mengelmoes-vrag wat verlede week in Durban aangekom het. Daar was meer as 600 mense aan boord en hulle het uit 22 nasionaliteite bestaan.

Onder die passasiers was daar baie staatlose persone en politieke vlughtelinge, veral Pole en Joego-Slawiërs, wat bang is om vanweë die Russiese oorheersing na hul lande terug te keer.

Baie van die persone was ook Britse onderdane. Daar was ook 'n klomp Italianers. Dertig van hulle is bouwerkers.

BRITTE IN KNYP OOR LENING

Kanada het Engeland in kennis gestel dat hy nie meer geld van sy Kanadese lening sal kan trek nie. Daar is op die oomblik nog £62,500,000, oor van die oorspronklike lening van ongeveer £312,500,000 wat Kanada in 1946 aan Engeland belowe het.

Kanada het verduidelik dat die trekking tydelik opgehef is omdat Engeland te vinnig van die geld getrek het en die Kanadese dollarreserwe gevaarlik laag gedaal het.

Grootse Voorbereidings Vir Oorlog

Die regering van die V.S.A. doen alles in sy vermoë om sy oorlogstoerusting in orde te kry en selfs geld van aanstaande jaar se militêre fonds word tans aangewend vir die bou van vliegtuie en beheerde projekte.

Die senaat is verlede week gevra om \$594,000,000 vir hierdie doel uit aanstaande jaar se fonds goed te keur. Die versoek is eers geheim gehou, en het soos 'n verrassing gekom.

Intussen het die Amerikaanse minister van lugvaart die kongres meegedeel dat Rusland se lugmag baie groter is as dié van die V.S.A. en dat eersgenoemde twaalf keer soveel vliegtuie bou as Amerika. Die V.S.A.-loodse en vliegtuie is egter beter as dié van Rusland, het hy daaraan toegevoeg.

(Vervolg van vorige kol.)

die verkiesingsveldtog al dadelik ingelui met swartmeer en slegmaak, soos die groen boekie van hulle verkiesingsnuus ten volle van getuig. Die eerste helfte is net ou koeie uit die sloot en die ander deel gaan oor die sogenaamde prestasies van die Smuts-bewind, meer lawaai as wol natuurlik, want elke jan Rap en sy maat kan onverantwoordelik met ander se geld (alles geleende geld) op so 'n roekelose wyse goël, want volgens die verslag van die ouditeur-generaal was die landskuld tot maart 1947 reeds £594,700,000 waarop jaarliks £17,600,000 rente moet betaal word die verenigde party se verlede is voorwaar die swartste van 'n swart verlede.

Kommuniste Soek Kiesers

Terwyl die Kommuniste die kleurlingbuurtes in Kaapstad en Wes-Kaapland fynkam om kleurlinge te vind wat geregtig is om hul name op die kieserslyste te plaas, vind party-organiseerders op die platteland dat talle van die nie-blankes wie se name op die kieserslyste verskyn, nie stemgeregtig is nie. Na bewering is daar in Worcester reeds ongeveer 400 name van nie-blankes van die lys op hierdie manier geskrap.

Hoe die name daar gekom het, is nie te verklaar nie, maar genoegsame bewyse is gevind dat hulle nie voldoen aan die vereiste voorwaardes om as kiesers toegelaat te word nie. Baie van hulle was reeds met die vorige verkiesing op die kieserslys, na bewering doen.

Die Kommuniste doen tans alles in hul vermoë om te sorg dat moontlike ondersteuners se name op die kieserslys geplaas word. Die Guardian verklaar dat daar baie nie-blankes rondloop wat kan stem maar wat nie bewys is daarvan nie.


Meganiese Hande Wat Alles Kan Doen

Amerikaanse wetenskaplikes wat betrokke is by atoomnavorsing, het 'n paar meganiese hande vervaardig wat gebruik sal word om in gevaarlike radio-aktiewe gebiede te werk.

Die hande kan gewone dinge doen soos 'n lemoen afskil, met 'n lepel roer en 'n naam skryf. Dit is onlangs gedemonstreer.

Is Medisyne Noodsaaklik?

Die Natuurwetenskap sê nee!



Die Bron van Siekte

BEKAMP SIEKTE MET DIE JONGSTE WETENSKAPLIKE METODES Met Verbasende Uitslae GEEN MEDISYNE! GEEN OEFENINGE!

Die Hardnekkigste Kwale swig

Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoongemaak word van sy gif of onsuiverhede, die siekte verdwyn. Deur die toepassing van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.

Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstreke volledige besonderhede in verband met u kwaal.

THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE
Posbus 1336 — KAAPSTAD

Verlamming en Immigrasie

Mev. A. C. Esterhuizen, Klerksdorp, skryf:

Meneer, ek let so effens op sake in verband met die Kinderverlamming-epidemie en merk op dat dit hoofsaaklik tot blankes beperk is. Kan u my sê of dit in u opinie 'n gewone inheemse siekte is of is dit nie ook soos Kakiebos ingevoer nie?

(Kinderverlamming kom oral in die wêreld in nie-epidemiese vorm van tyd tot tyd voor, en openbaar die neiging om meer blankes as nie-blankes aan te tas. Soms breek dit uit in die vorm van 'n epidemie in die een of ander land, soos tans in die Unie. So 'n epidemie kan natuurlik van die een plek na die ander of die een land na die ander oorgeplant word, en wat die huidige uitbreking in die Unie betref, bestaan daar 'n sterk vermoede dat Britse immigrante dit hierheen gebring het. Daar het 'n kwaai epidemie van kinderverlamming verlede jaar in Engeland geheers, maar nogtans het die regering op groot skaal immigrante uit daardie besmette land in die Unie kom aflaai. 'n Mediese amptenaar van die regering in Kaapstad het trouens erken dat daar 'n paar maande gelede twee gevalle van kinderverlamming aan boord 'n Britse immigranteskip was. Albei gevalle is toegelaat om die land binne te kom. — Red.)

BOME, PLANTE EN SAAD

LUSERNSAAD. — Vars saad, standaard gehalte. Doddervy. £9 per sak, 203 lb., gelewer Oudtshoornstasie. K.M.B. — D. S. DU TOIT, P.K. Armoed, Distrik Oudtshoorn. 14/4/TK

ERTE. — Goewermments-gesertifiseerd. Greenfeast goed skoongemaak £6/10/- per sak. Ongesertifiseerd £5 per sak, 200 lbs., V.O.S. Oudtshoorn. — **KARROO SAAD VERSPREIDERS**, Posbus 107, Oudtshoorn. 7/4/8

GOEWERMMENTS-GESERTIFISEERDE Donker Detroit Beetsaad 5/-, Chantenay Wortelsaad 7/6, Silver King Uiesaad 8/6 per lb. Posvry. Vra pryslys van **PREMIERS**, P.K. Schoemanshoek Oudtshoorn. 21/4/TK

GROENTESAAD. — Goewermments-gesertifiseerd. Detroit en Egiptiese Plat 5/- per lb. Chantenay-Wortel 7/6 per lb. Posvry. Skryf: **KARROO SAAD VERSPREIDERS**, Posbus 107, Oudtshoorn. 7/4/8

ROOSBOOMPIES, WINGERDSTOKKES. Ens. vir 1948-planttyd. Skryf om gratis pryslys aan **LA MOTTE-KWEKERY**, P.K. LA MOTTE. 18/2/TK

UIESAAD. — Vars en Goewermments-gesertifiseerd. „Copper King” 6/- per lb. Vroet Kaapse Plat 7/6 per lb. Silver King 8/- per lb. — **KARROO SAAD VERSPREIDERS**, Posbus 107, Oudtshoorn. 7/4/TK

GEMENG

GRAFSTEENMAKERS. — Vir ge-waarborgde tevredenheid tree in ver-binding met die **S.A. GRAFSTEEN EN MONUMENTWERKE (EENS.) BPK.** van Voortrekkerweg 360, Matland. (Onder persoonlike aandaag van ons Best.-Direkteur, mnr. Jannie Cillie). Telephone—5-4420 en 5-02823. **VAN'S CONCRETE PRODUCTS**

ALLERLEI — Waterspoel-rioolstel-sels, vloerteëls en gepolitoerde ter-razzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en net-hede. Volle besonderhede skrywe: **VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.**, Carlstraat 574, Pre-toria. 3/12/TK.

MEUBELS

MEUBELS. — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stoot-karretjies, driewiele, linoleums, tapyte ens. ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSEER-MEUBELS**, Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11.

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435.

SOUT TE KOOP

BOERE-PAKKET. — Nege sakke wit vee- en 100 lb. fyn bottersout £2-10-0. Nege sakke sneeuwit en 100 lb. fyn bottersout £2-13-6. Vry gelaal sout-werke. Bestel: **KOMDTE. MEV. MAR-TIE VENTER**, P/s. No. 4, Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN. 21/5/TK

SOUT om te lewer uit voorraad op aanvraag van pryse. — **S. J. DE BEER**, Soutwerke, P.K. FLORISBAD. 24/3/TK

TE KOOP

Die plaas „MARA”, groot 1,117 morges, geleë omstreeks 20 myl van Burgersdorp, net oor Steynsburg-grens. Uitstekende veeveld — soet-gras, ganna en enige karroo. Mooi vleie. Bekend as een van die beste Merinoplase in Burgersdorp se distrik. Baie moontlikhede. Hoë drakrag. Groot deel word besproei. Eienaar verkoop alleenlik om gesondheidsredes. Verdere besonderhede van **FRANK ROUSSEAU EN KIE.**, Posbus 7, Foon 9, Steynsburg, K.P. 14/4/2

TE KOOP AANGEBIED

ROKKE. — Twee O.B.-rokke, Lystav, bors 36 dm.—38 dm., heupe 42 dm.—44 dm. Fietlik nuut, £1/10/- elk. Doen navraag: **O.B.-KANTOOR**, Grootte Kerkgebou 703, Kaapstad. 21/4/1

Enige hoeveelheid dag-oud kuikens dadelik verkrygbaar. Australorps £7, Leghorns en Kruis teen £6 per 100. K.B.A. of K.M.B. Waarborg sterk kuikens.

Kuikens word gebroei van hennet wat uitgesoek is deur eienaar wat alreeds twintig jaar ondervinding en 'n groot sukses van hoenderboerdery gemaak het. — **H. R. MALAN**, „Weltevrede Plumveeplaas”, P.K. Kerstfontein, PAARL. Foon 6203. 14/4/TK

SES OPREGGETEELDE BERSHIRE-SOGGIES, 2 maande oud, £3/5/- elk, of £3 elk om die lot te neem. — **H. A. DE WET**, Bus 8, CALEDON. 14/4/2

BOEREJEUG:

'N TONEELTJIE IN DIE PARLEMENT

(’n Boerejeuglid se opsomming van die „praathuis” na ’n besoek aldaar.)

Die Speaker en lede neem hul plekke in. Speaker staan op en sê: „Ek verklaar die Huis oop vir bespreking. Die eerste wets-ontwerp op die agenda is die dambouskema van die minister van Verspoeling.”

Die minister staan op en die speaker sê: „Die agbare lid vir Poggempoelsrust, minister van Verspoeling, Planne, en minister sonder portefeulje.”

Minister: „Meneer, die Speak-er”

Lede: „Harder! Harder! . . .”

Minister: „Meneer die Speak-er, dit sal ’n baie ekonomiese skema wees as daar ’n dam by Poggempoelsrust gemaak word. Ook kan ’n kragstasie opgerig word, en Poggempoelsrust sal van elektriese lig voorsien word”. Minister gaan sit.

Speaker: „Die agbare lid vir Breekwater.”

Lid: „Meneer, die Speaker die minister wil die dam by Poggempoelsrust maak omdat dit sy setel is, en gevolglik wil hy daarmee meer stemme in die volgende verkiesing trek”. Lid gaan sit.

Speaker: „Die agbare lid vir Grammadoelas.”

Lid: „Meneer, die Speaker, ek verstout my om te sê dat die helfte van die lede in die Huis bobbejane en oorkruiers is.”

Ander lede: „Orde! Orde!”

Speaker: „Die agbare lid is buite die orde. Hy sal daardie woorde moet terugtrek.”

Lid: „Goed, meneer die Speak-er, die helfte van die lede in die

Huis is nie bobbejane en oor-kruiers nie.”

Lede: „Orde! Orde!”

Speaker: „Die agbare lid sal daardie woorde moet terugtrek.”

Lid: „Ek is bevrees, meneer die Speaker, ek sal nie.”

Speaker: „U sal die Huis moet verlaat.”

Lid: „Goed, meneer die Speak-er”. Hy stap uit.

Lede: „Bo! Bo! Hoor, hoor!”

Speaker: „Die Skilpadvleis-kwessie sal nou oop wees vir bespreking. Die agbare lid vir Breekwater.”

Lid: „Meneer die Speaker, ons wil graag weet waarheen al die skilpaaie skielik verdwyn het sodat ’n mens deesdae nie meer ’n ordentlike stukkie skilpad-vleis kan kry nie?”

Speaker: „Die agbare lid vir Falkenburg, minister van Skil-padvoeding.”

Minister: „Ek is gevra waar die skilpaaie heen verdwyn het. Hier is die antwoord: soveel bergskilpaaie as wat ons moontlik in die hande kon kry is na die bergagtige oorlogsterrein gestuur om voorrade te ver-voer.”

Lid: „Jy praat kaf!”

Minister: „As daar ’n hond in die gras is, gooi ’n klip en as die hond blaf moet jy weet dat dit ’n raakskoot is.”

Lid: „Ons het die klip ge-gooi. Dis jy wat blaf!”

Lede: „Orde! Orde!”

Speaker: „Orde! Die agbare lid vir Poggempoelsrust.”

Minister: Meneer die Speaker, ...”

Lede: „Sit! Gooi hom uit! Hou jou mond! Orde!”

Speaker: „Die tyd is verstre-ke. Die Huis sal nou verdaag.”

Britte Skaf Doodvonnis Af

Die Britse laerhuis het besluit om die doodstraf in Brittanje vir ’n tydperk van vyf jaar af te skaf en dan te sien wat die resultate is. Daar was slegs ’n klein meerderheid ten gunste hiervan.

Die doodstraf is ook reeds in Rusland afgeskaf. Daar staan ’n lewenslange straf in een van die arbeidskampe egter ook ge-lyk aan ’n langsame doodvonnis.

Die afskaffing van die dood-straf is onlangs in Suid-Afrika deur ’n kommissie van onder-soek bespreek, maar hulle het tot die slotsom gekom dat Suid-Afrika nie daarvoor ryp is nie.

TE KOOP GEVRA

PLASIE OM TE KOOP, huur of om ’n deel — Transvaal, voorkeur Westelike Transvaal. Geboud, omhein, lande, sterk water. Naby skool. Rede-like prys. Skryf aan: **J. F. BUR-GERS**, Hoofweg 523, Escombe, Natal. 21/4/1B

BYBEL MAAN TOT GRONDBEWARING

Die geskiedenis is vol van voorbeelde van volkere wat tot niet gegaan het omdat die fundamentele feit dat die grond die basis is van materiële welsyn, nie terdeë besef is nie, het mnr. E. Adler, Publisiteitsbeampte van die Afdeling Grondbewaring en Voorligting, aan lede van die Calvinistiese Kring in Pretoria tydens ’n toespraak gesê.

In die Bybel lees ons dat die profeet Jesaja waarsku teen die omploeg van die heuwels. Job roep in ang uit dat die waters die klippe wegslyt en die dinge wat uit die stof van die aarde groei word weggespoel en daar-mee word die mens in wanhoop gedompel.

Dawid verwys na bosbrande as voortekens van gramskap en verwoesting. In die verlede, wanneer die grond uitgebuig en verniel is, het hongersnood die mense gedwing om hulle lands-grense oor te steek en nuwe grond te soek. Dit het die eeue deur geleidelik tot oorloë, verowe-rings en verhuising na nuwe lande. Vandag is dit nog so, maar daar is een groot verskil, en dit is dat daar nie meer dieselfde kanse is om nuwe grond te kry nie.

In daardie dae was daar rela-tief gesproke, min mense op aarde. In die jaar 1600 was daar nie veel meer as 500 miljoen mense op die aardbol nie. Van-dag is daar heelwat meer as 2,000 miljoen.

Daar is maar baie min ploeg-bare grond in die wêreld wat nie reeds onder verbouing is nie, en skaars 8 persent van die grondoppervlakte van die aarde is bewerkbaar. Die mense word meer, maar die bodem bly kon-stant, het spreker gesê.

Ossewabrandwag Se Tiende Verjaardag

Die Stafhoof van die Boerejeug, skryf:

Op 8 Augustus is die Ossewabrandwag tien jaar oud. Om hierdie heuglike gebeurtenis te herdenk is dit die voorneme om spesiale Verjaardagseëls te laat druk en aan lede beskikbaar te stel.

Die ontwerp van die seëls moet egter ook ’n voortbrengsel van die Ossewabrandwag wees en daar-om nooi ons lede uit om aan ’n ontwerp-kompetisie deel te neem. Aan die prysweners loof ons ’n bedrag van drie ghienies uit terwyl aan die insender van die tweede beste ontwerp £1-11-6 betaal sal word.

Die ontwerp moet (1) 6½ dm. lank en 5 dm. breed en in een (swart) of twee (swart en rooi) kleure op ’n wit agtergrond geteken wees; (2) tipend wees van die geskiedenis en voorwaartse beweging van die Ossewabrandwag oor die afgelope 10 jaar; (3) die volgende woorde insluit: Die Ossewabrandwag, Tien-de (of 10de) verjaardag, 1938—1948 (indien verkies mag die leuse ook ingevoeg word). Die skets moet duidelik genoeg wees om tot ongeveer 1 vk. duim verklein te word.

Mededingers mag meer as een ontwerp instuur. Alle ontwerpe wat ontvang word en die gebruiksregte daarvan sal die eiendom van die O.B. word en bly. Die beslissings van die beoordelaars sal finaal wees.

Alle ontwerpe moet Die Jeugstafhoof, Posbus 1059, Pretoria, nie later as 19 Mei 1948 bereik nie. Moet nie u naam en adres vergeet nie!

Ervarings uit die Stryd:

KAMPLEWE

Die eerste ding waarmee jy jou besig hou wanneer jy in die kamp land, is om ouma se klere te laat pas by die kamp se modes: die broeke se pype word so kort as moontlik af-gesny, en die res van die broek word dan aangewend om die

houtwerkies mee op te vryf. Die hoed word in soutwater geweek, en op ’n bottel geplaas om lank uit te rek. Soos reeds gemeld

Deur Krisjan

word die skoene in allerhande patrone uitgesny en die orige leer word dan aangewend om ’n lekker lyfband te maak. Ook die hemde se moue word aan-sienlik verkort — gewoonlik tot bo in die soom.

Baie kere stap in die kamp rond met net een van die kort gesnyde broekies aan — die skoene word ook nie gedra nie. Kowie het dan ook as gevolg hiervan die naam gekry van die „Kaalpoot Advokaat.” Trou-ens, die meeste kere was prag-tig bruin gebrand.

VOORTREKKERBAARDE

Baie het lang Voortrekker-baarde gedra — die jongmanne almal met lang baarde soos ou ooms. Ek het daarteen te velde getrek want dit lyk of die man-ne hulle pragtige jong en stralen-de gesigte wil versteek. Na ’n tyd-jie het ek nogal heelwat sukses gehad en het die baarde een na die ander verdwyn. Dit het meeste van die tyd met ’n grap gepaard gegaan.

Meeste van die nuwe inwoners het die baard-draers nooit an-ders as met lang baarde gesien nie, sodat hulle heeltemal on-herkenbaar was sonder die baard. Nadat die baard dan afgesny is, dos die nuwe man hom uit in sy beste pak, en op die regte oomblik kom daar kastig ’n nuweling in die kamp aan en word hy aan die inwo-ners voorgestel. Die ou inwo-ners word gewoonlik deur hier-die poets geflous. Partykeer is lang gesprekke met die nuwe-ling gevoer voordat die poets ontdek is. Daar is gewoonlik ’n hele klomp wat so ’n „nu-weling” vergesel, en dan heerlik skaterlag as een in die strik geval het.

WEES BESKERM!

MOTOR-Assuransie by—

SANTAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke dwarsdeur die Unie.

Boere Jeug

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 21 APRIL 1948

KROONSTAD TREK LAER

Lank het die Boerejeug van Kroonstad reeds daarna uitgesien om hulle eie laertrek te hou. En hierdie wens het hulle dan ook gedurende die afgelope vakansie in die daad omskep deur 'n baie suksesvolle sametrekking op die plaas van mnr. P. Pretorius te reël.

Hoewel die laer eers op 29 Maart in aanvang sou neem, was meeste van die laergangers reeds die vorige Saterdag op die terrein teenwoordig. Nie alleen uit Kroonstad was daar laergangers nie, maar ook uit ander dorpe soos Heilbron, Petrus Steyn en selfs ook sover as Kof-

offisiere op die laer teenwoordig het ook die kans gehad om voorligting oor hulle pligte en werksaamhede te ontvang.

Wat elke laerganger seker altyd sal onthou, was die plesier wat hulle gedurende die laer met die perdry gehad het. Al moes daar dan van hulle afval en seerkry, tog het hulle weer opgeklim en lekker gery. En dan weereens die lekker kampvure in die aand waar elkeen na hartelus kon sing en skerts. Ook die talle besoekers aan hierdie kampvure, sal sekerlik nie gou die gees wat daar geheers het, vergeet nie.

En wat die seuns veral seker die interessantste gevind het, was die vertelling wat hulle oor die vryheidstryd en offers van die O.B. gedurende die afgelope oorlog van 'n oud-gevangene en voortvlugtige verneem het.

Met hierdie en veel meer herinneringe van 'n baie aangename sewe dae moes die laaste dag van die laer egter ook tegemoet gegaan word. Die kameraadskap wat daar tussen groot en klein gesmee is, is nog 'n skakel in die toekomsdrag van die Boerejeug.

Die Boerejeug wil graag hulle waardering oordra aan al die offisiere en brandwagte van die groot-O.B. vir hulp wat hulle gebied het met die laertrek op Kroonstad. Graag wil ons veral die name noem van wagkaptein en mev. S. Pretorius, mnr. en mev. P. Pretorius, veld. en mev. Maritz, hoofkomdt. B. van Niekerk, kdt. Laubscher en die talle ander wie se name ons nie almal kan onthou nie. Ons sê baie dankie.

fiefontein het lede die same-trekking bygewoon.

Aan die begin van die laer was die vooruitsigte maar donker, want oral in die lug het daar donker reënwolke die omgewing oorskadu. Die reën self het die eerste twee dae dan ook die hele laertrek letterlik in 'n modderpoel omskep. Partykeer was daar meer reënwater in die soppot, as wat daar sop self in was... maar Boerejeug het mos gekom om laer te hou en in daardie voorneme kon niks hom keer nie.

Gelukkig darem dat dit in die Vrystaat nooit vir altoos aanhoudend reën nie. Die son het ook so teen Dinsdagmiddag se kant die kans gekry om sy kop te wys en daarvan het die Boerejeug terdê gebruik gemaak. Gou-gou is ingehaal wat die eerste dag op die laerprogram verskyn het en toe nie uitgevoer kon word nie.

Vir byna al die laergangers was dit die eerste smaak van 'n Boerejeuglaer. In die begin was alles nog so 'n bietjie vreemd, maar heel gou het almal ook aan die laerprosedure gewoond geraak. En dit was regtig verbasend om te sien hoedat elkeen gewilliglik hulle onderskeie dagtake onderneem en met belangstelling na alles wat aan hulle voorgehou was, geluister het.

Die program is so ingerig dat elkeen 'genoegsame opleiding kon ontvang en ook oorgenoeg tyd vir ontspanning sou hê. Ver-al het die laergangers die oefening van die verskeie seremoniële parades van so 'n laer baie geniet. Behalwe die opleiding eie aan die Boerejeug is daar ook aan die laergangers voorligting gegee in verband met seinwerk, tentslaan en vir die dogters veral tuisverpleging. Die

DAAR SAL NET EEN VLAG WAAL, SÊ A.K.G. AAN BOEREJEUG

„My vriendjies, hier sal in die toekoms net een vlag oor ons land en voor elke polisiestasie wapper, en dit kan alleenlik die Vierkleur wees”, het die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, gesê toe hy onlangs die Boerejeuglaertrek in die distrik van George toegesprek het. Genl. Smith het die ontstaan en groei van die Boerejeug behandel.

Vanaf 27 tot 29 Maart het die Boerejeug van George en Oudtshoorn 'n lekker laertrek gehou op Tuinplaas, eiendom van hfkmdt. J. J. Lambrecht. Komdt. J. G. Rousseau van Robertson was in bevel van die laer, terwyl S. S. Roelofse en J. C. van Tonder opgetree het as staf-offisiere. Wagkap. H. Hitge van Oudtshoorn was ook aanwesig.

Die laertrek is vanaf begin tot die end gekenmerk deur ferme dissipline. Die laergangers voel innig dankbaar teenoor ons Adjunk-K.G. en hfkmdt. Lambrecht wat die laer van tente, groente en vleis voorsien het.

Gedurende die laertrek het die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith die laer besoek en sy dank uitgespreek vir die opoffering wat daar gedoen word om die jeug op te lei en voor te berei vir hul toekomstige taak. Hy het

Ek was omtrent dertien jaar toe die Anglo-Boere-oorlog uitgebreek het. Almal van ses-tien jaar en daarbo is opgeroep, maar ons wat by die huis moes bly, moes ook ons deel bydra. Veldkornet Boshof is oor ons aangestel en toe moes ons snags wagstaan in die dorp Ventersburg. Later is ek na Riet-spruit gestuur om die brug daar op te pas. Op Ventersburg het daar altyd om sesuur saans 'n klok gelui vir al die kaffers om van die straat af te wees, en nege-uur het 'n ander klok gelui en moes ook al die witmense van die straat af wees.

Net nadat ek by die kommando van kommandant Piet Fourie aangesluit het, raak ons 'n entjie van Ventersburg-stasie (wat notu Henneman genoem word) slaags met Lord Robberts en is ek lig gewond. Ek het egter geveg tot ek gevang is. Dieselfde nag nog loop ek weg na 'n Boerelaer, en is daarna nog driemaal gevang. Die laaste keer is ons na Bloemfontein-stasie geneem waar 'n ou tante my gegryp en tussen ou komberse weggesteek het, en so is ek saam kamp-toe waar ek gebly het tot na die oorlog.

DIE 1914-REBELLIE

Met nog 'n bitter gevoel in my hart teenoor die Engelse, neem ek ook deel aan die 1914-rebellie. Saam met generaal Crouter, veg ek teen 'n ander

LAERTREK VIR 1949

Desember 1949! Ek wens dit was al môre! Dit is wanneer die Voortrekkermonument ingewy word. In hul duisende sal Boereseuns en -dogters optrek na Monumentkoppie. Saam met baie ander sal ons deelneem aan die feesviering. 'n Paar dae

voor die verrigtinge sal ons reeds daar wees om alles voor te berei. Slegs lede wat goed afgerig is sal daar toegelaat word. Daar lê nog twee lange jare voor en almal het genoeg tyd om hulle voor te berei. Teen daardie tyd sal almal reeds hulle uniforms hê aangesien die seuns s'n ook reeds verkrygbaar is.

Ek sal dit vir geen geld wil misloop nie, en julle seker ook nie. Kom ons begin dadelik met die nodige voorbereidings!

My Lewensgeskiedenis

Crouter, (genl. Crouter se broer) wat aan die regering se kant was. Later het ons klein kommando in Excelsior by generaal De Wet aangesluit, wat 'n mag van omtrent elfduisend gehad

Deur
KOMMANDANT H. E. NORRIS
Brakpan.

het. Die helfte was ongewapen, maar ons slaag daarin om drie treine met ammunisie te vang.

Generaal De Wet is toe verder en ons klompie is na Senekal. Later het ons in geveg geraak met George Brand, seun van ons gewese President Brand. Hierna vlug party na die Witberge, maar die wat nie wou vlug nie, waarvan ek ook een was, is gevang en na Senekal se tronk gestuur. Hiervandaan is ons op waens na Ficksburg, en twee dae later direk per trein na Kimberley se „Compound”. Omdat ons duisend man in een kamp was, het ons hulle baie lastig geval, en is later na Booy-sens vervoer.

Nadat ek weer op die plaas was, moes ek elke maand ingaan dorp-toe om te rapporteer, en vir tien jaar mag ek geen wapen gebruik het nie. Ek was sewe maande gevangene gedurende die Rebelle en toe ek tuiskom en my dogter wat intussen gebore is, vir die eerste keer sien, laat ek haar Rebella doop.

DIE 1922 STAKING

Natuurlik was ek ook 'n staker. Kaptein Fullford, wat deur generaal Smuts uitgestuur is, laat toe drie mense doodskiet, en ons besluit toe om weerstand te bied. Met blikbomme van spykers en ammunisie, het ons een van die offisiere se perde doodgeskiet!

Onder die stakers was ek Kaptein, Mike Rautenbach was Generaal, en Ben van der Merwe en Gert Bosch was Kommandante. Ons neem toe posisie in in 'n plantasie by Dunswart. Hulle stuur drie treine vol „Skot- (Vervolg op bl. 6, kol. 4)

Twee Gediggies

Deur Veldkornette

E. STRASSBERGER

KAMPVUUR

As saans oor die berge die skaduwees faal
En sal oor die aarde die skemer daal,

Hoor jy in die laer van die Boerejeug
'n Vrolike lied van innige vreug.
Sit ná aan die vuur
In die skemer-uur,
Want saans as die skadu oor die berge daal
Spreek ons harte alleenlik die Boerejeug-taal!


WAGTEWISSELING

Pliks, plaks, pliks, plaks,
Brrrr om die draai
Hul arms swaai
En wat 'n lawaai!
Die een is mank
En die andere krank
Maar hulle kom,
Rommie dom dom!
Pans om die draai
net lawaai,
hy kraai en lawaai,
en sy arms swaai,
want aai:
meisiemens om 'n draai
maak 'n stof en lawaai
Wie kan hul paai
om reg te draai?
Net pliks en plaks
en Brrrr om die draai!

Studente Van Potchefstroom

Die O.B.-Studente-afdeling van Potchefstroom maak hulle gereed om aanstaande Saterdag na Graaff-eiland, naby Vereniging, te gaan waar die K.G. en mev. Van Rensburg hulle gaan vestig, berig ons korrespondent.

KAMPINSPEKSIE



Gedurende die afgelope skoolvakansie het die Boerejeug weer verskeie laertreke gehou waar hulle opleiding ontvang het. Hierdie foto is geneem tydens die Franschhoek-laertrek verlede jaar.

KAMPSTUKKE DALK NA MUSEUM IN BLOEMFONTEIN

Die Bond van Oudgeïnterneerdes en Politieke Gevangenes het alle rede om te verwag dat daar ruimte in die Oorlogsmuseum te Bloemfontein afgestaan sal word vir die handgemaakte artikels wat gedurende die oorlogsjare in die Kampe uitgekerf is deur politieke slagoffers van die regering.

Die Uniale Raad van die Bond het reeds met die bestuur van die Vrouemonument onderhandel en hoop om een van die dae 'n gunstige antwoord te ontvang, na mnr. O. L. Nel, sekretaris van die Bond meedeel.

Oudgeïnterneerdes en politieke gevangenes wat bereid is om van hul artikels af te staan moet in verbanding tree met die sekretaris van die Bond, maar nie nou al artikels aanstuur nie.

GESKIEDENIS

Ten einde die boekstaving van die geskiedenis van die kampe en tronke te bespoedig,

Goudmyne Woel In O.V.S.

Die vyfde goudmyn in die Vrystaat is pas geopen toe daar 'n begin gemaak is met 'n nuwe skag. Die Welkomgoudmynmaatskappy se eerste skag is reeds 250 voet diep. Altesaam word daar vandag nege skagte in die nuwe goudwêreld gegrawe. Binnekort sal daar, na verwagting, nog twee nuwe myne geopen word.

Storm Tref Upington

Duisende ponde skade is aangerig deur 'n geweldige storm wat verlede naweek oor Upington en omstreke losgebars het. In tientalle huise het die water tot vier voet hoog gestaan terwyl een huis weggespoel het. Landerye is verspoel, en spoorweg- en telegraafverbindinge is deur die storm ontvrig.

Ook die lokasie van die dorp het deurgeloop en huise het in mekaar gestort. Twee kleurlinge is hier gedood.

Meer as vier duim reën is binne 'n paar uur gemeet. Ook in ander dele van die Noordweste het swaar reën geval.

Alle politieke kommentaar en berigte in hierdie uitgawe deur N. G. S. van der Walt, Groote Kerkgebou 703, Kaapstad, tensy waar anders vermeld.

Brakpanse H.N.P. Vra Sy Leiding se Steun

Nieteenstaande die H.N.P.-leiding weier om mnr. John Vorster as kandidaat vir Brakpan te steun omdat hy 'n lid van die O.B. is, het die Brakpanse Afdelingsbestuur van die H.N.P. verlede Woensdag op 'n geslote vergadering besluit om by die Beheerraad van die H.N.P. aan te dring om onmiddellik 'n verklaring uit te reik waarin steun toegesê word aan mnr. Vorster, volgens die Vaderland berig.

Mnr. Vorster het in 'n onderhoud verklaar dat nêrens waar hy met 'n lid van die H.N.P. gesels het, laasgenoemde sy steun aan hom geweier het nie.

het die Uniale Raad besluit om subredakteurs te benoem wat die stof moet verwerk. Voorlopig is besluit om die boek in vier dele in te deel, elk bevattende 'n aparte fase van die stryd. Prof. dr. H. G. Stoker van Potchefstroom en dr. J. Trümpelmann is aangestel as hoofredakteurs.

LIEWER OORLOG VERLOOR AS VERKIESING : HOUDING VAN PARTYPOLITICI

Dat politieke partye 'n verkiesing baie belangriker ag as 'n oorlog waarin hul land kan ondergaan, het nou vir die tweede keer aan die lig gekom in die afgelope jare. Dit was die geval kort voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog toe Engeland homself bedreig gevoel het deur die opkoms van Hitler, en dit is nou weer die geval met Amerika op die voorraand van die Derde Wêreldoorlog.

In November 1936 het Baldwin, die destydse Konserwatiewe eerste minister van Brittanje, 'n toespraak gehou waarin hy verskonings aangebied het vir Engeland se onvoorbereidheid in geval van oorlog met Duitsland. Sy verskoning het woordeliks as volg gelui:

„Sedert 1933 was ek en my vriende almal baie besorg oor wat in Europa besig was om te gebeur. Op daardie tydstip was die ontwapeningskonferensie in sitting, en was daar in hierdie land 'n groter vreliewendheid as op enige ander tydstip sedert die oorlog.

„My posisie as leier van 'n groot party was nie heeltemal gemaklik nie. Ek het myself afgeveer: „Watter kans is daar in hierdie land, waarin daardie gevoel so algemeen is, dat daardie gevoel in die volgende jaar of twee so kan verander dat die land 'n opdrag tot bewapening sal gee?”

„Nou, veronderstel ek het na die land gegaan en gesê: „Duitsland is besig om te bewapen. Ons moet bewapen.” Dink enigiemand dat hierdie vreliewende demokrasie agter daardie kreet sou inval? Nie op daardie tydstip nie. Ek kan nie dink aan enigiets wat die verlies van 'n verkiesing van my oogpunt beskou, sekerder

Gevalle Van Verlamming Konstant

Die aantal gevalle van kinderverlamming aan die Rand wat die afgelope paar dae aangemeld is, bly min of meer konstant. Die totaal vir die maand was aan die begin van die week reeds oor 160.

In Kaapstad het ook al 'n paar gevalle van die siekte voorgekom. Die afgelope naweek is die kind van 'n geneesheer aan hierdie siekte in 'n Kaapstadse inrigting oorlede.

Die siekte toon tans 'n neiging om volwassenes aan te tas. Dokters meen dat dit die begin van die einde mag wees, aangesien die einde van die vorige epidemie ook so begin het.

sou gemaak het nie.” Aldus Stanley Baldwin.

Met hierdie woorde het Baldwin, as egte partyleier, op onduubelsinnige wyse te kenne gegee dat hy die verlies van 'n verkiesing oor 'n paar jaar van groter belang geag het as die moontlike nederlaag van sy land in 'n oorlog met Duitsland — en hoe amper het dit nie gebeur toe Britte hulself na Duinkerke met haelgewere en hooivurke bewapen het!

AMERIKA

Dit was in 1936, drie jaar voor die uitbreek van die oorlog. Verlede week het Sapa-Reuter die volgende berig uit Washington die wêreld ingestuur:

„Die stafhoof van die Amerikaanse leër, genl. Omar Bradley, het die Kongres vandag gevra om te verseker dat die leër se minimum-sterkte op agtien divisies gehou word. Hy het gesê dat hy die syfer grond op die noodtake wat die leër sal moet verrig indien oorlog ontstaan. Volgens inligtingsverslae, het hy gesê, het die Russe tans 170 divisies wat ten volle gereed is, en nog 95 in satelliet-lande.

„Verskeie senatore en ook lede van die Huis van Verteenwoordigers wend 'n sterk poging aan

Kerk Besluit Oor Egskeidings

Die Transvaalse N.H. of G. Kerk het besluit om voortaan geen egskeiding op ander gronde as kwaadwillige verlaten en owerspel te erken nie.

Persone wat op ander gronde geskei is, sal hulle aan die tug van die Kerk moet onderwerp en ware berou toon voordat die Kerk hulle weer sal trou.

Die regering is ook gevra om owerspel 'n strafbare oortreding te maak.

Lees U Eséiel 34.2

Russe Laat Nonne In Myne Werk

Meer en meer verhale van Russiese wreedheid, selfs teenoor vrouens, word die Weste ingestuur deur Duitse soldate wat na 'n tyd van krygsgevangenskap, in Duitsland aangekom het. Volgens een van hierdie verhale wat in die Engelse pers verskyn, is duisende nonne uit die kloosters in Russies-Duitsland gesleep en in kampe gestop waar hulle harde-arbeid moet verrig.

Onderwyl 'n groep Duitse soldate op Stalino-sasie gewag het om na hul vaderland teruggestuur te word, het daar 'n trein met 1,400 nonne op die stasie aangekom. Hul klere was vuil en verskeurd. Volgens twee van die nonne vertel het, is hulle afkomstig uit die Russies-besette

deel van Duitsland waar hulle in 1946 saam met honderde ander nonne uit die kloosters geruk is. Een van die nonne het van Leipzig gekom en die ander van Stargard.

Sedert hul gevangeneeming moes hulle harde werk soos mans verrig en paale bou. Hulle was toe op pad om in die myne te gaan werk, na hulle meegedeel is.

Hierdie vroue word deur die Russiese wagte mishandel en verkeer in die allertreurigste toestand. „Die harde werk kan ons nog verduur, maar wat ons moet ly van die kant van die wagte, is onuitspreeklik. Ons beny ons susters wat sterf”, het hulle gesê.

Verdubbel Die Kennis

Die volk wag op iets wat nuwe hoop en opheffing sal bring. Daardie iets is beliggzaam in die beleid van die Ossewabrandwag, maar die volk weet dit nie. Deur u blad vir u buurman te gee en hom te vra om in te teken, sal hy daardie beleid verneem en besiel word met nuwe hoop.

As elke leser van Die O.B., nog een intekenaar werf, sal die kennis omtrent die Ossewabrandwag verdubbel en so ook die hoop en krag van ons volk.

Doen dit nou!

Wil Kommuniste Uitsluit

Die Natalse tak van die Vereniging van Handelsreisigers het besluit om alle Kommuniste en hulle ondersteuners uit die bestuur van die vereniging te weer. Die bestuur ag die stap nodig omdat daar 'n neiging tot die kommunisme bestaan wat hom verontrus.

HULDE GEBRING AAN HUGENOTE

Suid-Afrika het verlede Saterdag gepaste hulde gebring aan die nagedagtenis van die Hugenote toe die Hugenote-monument in die teenwoordigheid van etlike duisende Afrikaners te Franschhoek onthul is. Dit is nou 260 jaar gelede dat die Franse vlugtelingen in Suid-Afrika aangekom het en hulle in die Franschhoek-vallei gaan vestig het.

Die statige en sierlike monument, met sy drie boë en besielende vrouefiguur, is deur mej. Hennie Hugo, oudste vroulike nasaat van die Hugenote op Franschhoek, onthul. Die monument, wat een van die sierlikste in die land is, is simbolies van die goddiens van die Franse Protestante en hul geloof en gewetensvryheid waarvoor hulle soveel opgeoffer het ten gevolge van die besieling van die Heilige Skrif.

Die voorsitter, dr. E. C. Pienaar, sowel as mej. Hugo en talle besoekers het die Hugenote-kruis aan die bors gedra—

'n simbool wat sy ontstaan het tydens die geloofvervolging in Frankryk.

Vliegtuie Vir Sprinkane

Die gevaar van bruin sprinkane in die Karoo word tans ernstig en vliegtuie van die Suid-Afrikaanse Lugmag het opdrag gekry om spuitwerk te doen wat daarop gemik is om die plaag te bepaal tot die plekke waar die sprinkane uitbroei.

Op Graaff-Reinet is daar reeds genoegsame voorrade brandstof en sprinkaanfig. Die bemannings van die vliegtuie sal saamwerk met insektekundiges van die Dept. van Landbou, wat reeds stappe gedoen het om die uitbroei en verspreiding van die sprinkane te beperk.